



Creating future readers!

Have you ever wondered why people say that it is important to read to children who are not yet at school? Well, because it will expand their minds and make their hearts sing! Read with your 3 to 6 year olds regularly and you will witness just how much they learn and what they can do with books! Here are some ideas for sharing books with them.

WHICH BOOKS TO CHOOSE

- ★ Introduce your children to as wide a variety of books as possible. Share books by the authors that they most enjoy, but introduce them to new authors too.
- ★ Repeat children's favourite stories as often as they ask for them! As they get to know the stories better, invite them to read along with you. Suggest that they "read" (recite) repeated phrases and sentences like, "I'll huff and I'll puff and I'll blow your house down" or "Trip, trap, trip, trap".
- ★ Set aside a special time each day when you can enjoy books together. Choose books that you like, as well as ones that you think will be of special interest to your children. And, of course, also make time to read the stories that your children choose themselves.

WATTER BOEKE OM TE KIES

- ★ Stel jou kinders aan so 'n wye verskeidenheid boeke moontlik bekend. Deel boeke van die skrywers wie se werk hulle die meeste geniet, maar stel hulle ook bekend aan nuwe skrywers.
- ★ Herhaal kinders se gunstelingstories so dikwels as wat hulle daarvoor vra! Namate hulle die stories beter leer ken, nooi hulle om saam met jou te lees. Stel voor dat hulle frases en sinne wat herhaal word "lees" (opsê), soos: "Ek sal raas en blaas en jou huisie omblaas" of "Trippe, trappe, trippe, trappe".
- ★ Sit elke dag spesiale tyd opsy wanneer julle saam boeke kan geniet. Kies boeke waarvan jy hou, maar ook boeke wat jy dink jou kinders se belangstelling sal prikkel. En maak natuurlik ook tyd om die stories te lees wat jou kinders self kies.

Kweek toekomstige lesers!

Het jy al ooit gewonder waarom mense sê dat dit belangrik is om vir kinders te lees wat nog nie op skool is nie? Wel, want dit sal hul denke verruim en hul harte laat sing! Lees gereeld saam met jou drie- tot sesjarige en jy sal sien hoe baie hulle leer en wat hulle met boeke kan doen! Hier volg 'n paar idees om boeke met hulle te deel.



Make stories come alive for your children! Read with as much expression as you can. You may feel a little odd about doing this in the beginning, but your children will appreciate it!

Laat stories lewendig word vir jou kinders! Lees met soveel uitdrukking as moontlik. Dit mag dalk aan die begin effens vreemd voel, maar jou kinders sal dit waardeer!

Ask questions

- ★ Read the title of the book and the name of the author and illustrator each time you read. The first time you read a book with your children, also ask them if they can guess what the book might be about by simply listening to the title and looking at the illustration on the cover.
- ★ Being able to guess what comes next is a skill competent readers use all the time. As you read a story with your children, develop their prediction skills by asking, "What do you think will happen next?" at different points in the story.
- ★ Deepen your children's understanding by asking, "What does that remind you of?", "Why do you think he did that?" and "What would you have done?" These kinds of questions connect stories to children's lives and help them to discover how stories work – both of these are essential for literacy development.

Vra vrae

- ★ Lees die titel van die boek en die naam van die skrywer en illustreerder elke keer wanneer julle lees. Die eerste keer wanneer jy saam met jou kinders 'n boek lees, kan jy hulle ook vra of hulle kan raai waarom die boek gaan deur bloot na die titel te luister en na die illustrasie op die omslag te kyk.
- ★ Die vermoë om te kan voorspel wat volgende gaan gebeur, is 'n vaardigheid wat ervare lesers deurentyd gebruik. Ontwikkel jou kinders se voorspellingsvaardighede terwyl jy lees deur op verskillende plekke in die storie te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
- ★ Verdiep jou kinders se begrip deur te vra: "Waarom herinner dit jou?", "Waarom dink jy het hy dit gedoen?" en "Wat sou jy gedoen het?" Hierdie soort vrae trek 'n verband tussen stories en kinders se lewens en help hulle om te ontdek hoe stories werk – en albei hierdie dinge is noodsaaklik vir geleterheidsontwikkeling.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Nal'ibali news

Each year on World Read Aloud Day, Nal'ibali reminds everyone who lives in South Africa about the benefits of reading aloud to children. You've helped us spread a love of stories and reading to more and more children each year.

When we first started in 2013, you helped us to read to 13 401 children. And this year on 1 February 2019, we reached 1 559 730 children across the country! That's a new record for Nal'ibali and South Africa!

In preparation for World Read Aloud Day we always produce a special story. This year our story was, *Where are you?*, written by Ann Walton and illustrated by Rico. It featured the much-loved Nal'ibali character, Neo. The story was available in all 11 official languages and appeared in our World Read Aloud Day edition of the supplement, as well as on specially designed story cards (with activity ideas and tips on reading aloud) that were given away. Nal'ibali also partnered with Blind SA to produce a version of the story in Braille, and with Sign Language Education and Development (SLED) to make a digital video of it in South African Sign Language. (You can still find *Where are you?* on our website: www.nalibali.org.)

"Reading a story out loud, shows children the value of books, but also starts discussions, builds bonds between the reader and the audience, and motivates children to learn to read and enjoy books beyond their current reading ability," explained Jade Jacobsohn, Managing Director of The Nal'ibali Trust.

The promotion of World Read Aloud Day began early this year! In the week of 21 January 2019, volunteers together with mascots of some of the Nal'ibali characters, took to the streets in various communities to hand out story cards.



Daniel Born

Over 200 children joined Nal'ibali at the Sandton Library to celebrate World Read Aloud Day.

Meer as 200 kinders het by die Sandton-biblioteek by Nal'ibali aangesluit om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier.



Daniel Born

Lebohang Masango read the story aloud to everyone.

Lebohang Masango het die storie hardop vir almal geles.

Nal'ibali-nuus

Elke jaar op Wêrelddag vir Hardop Lees herinner Nal'ibali almal wat in Suid-Afrika woon aan die voordele van hardop lees vir kinders. Julle het ons gehelp om elke jaar 'n liefde vir stories en lees na meer en meer kinders te versprei.

Toe ons in 2013 begin het, het julle ons gehelp om vir 13 401 kinders te lees. En hierdie jaar, op 1 Februarie 2019, het ons 1 559 730 kinders oor die hele land bereik! Dit is 'n nuwe rekord vir Nal'ibali en vir Suid-Afrika!

Ter voorbereiding vir Wêrelddag vir Hardop Lees, produseer ons altyd 'n spesiale storie. Hierdie jaar was ons storie, *Waar is jy?*, geskryf deur Ann Walton en geïllustreer deur Rico. Die geliefde Nal'ibali-karakter, Neo, was deel van die storie. Die storie was beskikbaar in al 11 amptelike tale en het in die Nal'ibali-bylae vir Wêrelddag vir Hardop Lees verskyn, sowel as op spesiaal ontwerpte storiekaarte (met aktiwiteitsideeë en wenke vir hardop lees) wat weggegee is. Nal'ibali het ook in vennootskap met Blind SA 'n weergawe van die storie in Braille geproduseer, en saam met Sign Language Education and Development (SLED) 'n digitale video daarvan in Suid-Afrikaanse Gebaretaal vervaardig. (Jy kan steeds *Waar is jy?* op ons webwerf kry: www.nalibali.org.)

"Om 'n storie hardop te lees, wys vir kinders die waarde van boeke, maar dit lei ook tot besprekings, smee bande tussen die leser en die gehoor, en motiveer kinders om te leer lees en boeke te geniet wat nog bo hul huidige leesvermoë is," verduidelik Jade Jacobsohn, Besturende Direkteur van die Nal'ibali Trust.

Die bevordering van Wêrelddag vir Hardop Lees het hierdie jaar vroeg begin! In die week van 21 Januarie 2019 het vrywilligers saam met sommige van die Nal'ibali-karakters in verskeie gemeenskappe die strate ingevaar om storiekaarte uit te deel.



Daniel Born

The day's events got going with a few songs and games.

Die dag se gebeure is afgeskop met 'n paar liedjies en speletjies.



Daniel Born

Nal'ibali character, Neo, also joined in the fun.

Die Nal'ibali-karakter, Neo, het ook in die pret gedeel.



Drive your
imagination

Then on 1 February, Nal'ibali's network of partners, schools that are part of our Story Powered Schools project, our Literacy Mentors and FUNda Leaders read the story to children at reading clubs, schools, libraries and community centres across the country. In addition to this, a special event with 200 children from Soweto and Alexandra was held at the Sandton Library in Gauteng. The 2019 Nal'ibali World Read Aloud Day Ambassador, Lebohang Masango, gave a special multilingual reading of *Where are you?* and spoke to the children and accompanying adults about the importance of reading aloud.

"Reading to your children is important because the benefits will follow them for their entire lives. Not only is it great for bonding, but you are also expanding their vocabulary, their knowledge, their imaginations and their ability to confidently express their ideas. Reading is truly the gift that keeps on giving!" she explained.

Everyone had lots of fun singing songs, playing games and listening to the story. Then it was time to go home. And no one went home empty handed! In addition to a packet of snacks and a copy of the World Read Aloud Day story card, each child received a copy of Lebohang Masango's book, *Mpumi's magic beads*, to encourage them to keep reading. It was another fun and inspiring World Read Aloud Day!



Daniel Born

There was enough time for the children to explore the books in the library.

Daar was genoeg tyd vir die kinders om die boeke in die biblioteek te verken.

Toe, op 1 Februarie, het Nal'ibali se netwerk van vennote, skole wat deel is van ons Story Powered Schools-projek, ons Geletterdheidsmentors en FUNda Leaders die storie vir kinders by leesklubs, skole, biblioteke en gemeenskapsale oor die hele land geles. Verder is 'n spesiale byeenkoms met 200 kinders van Soweto en Alexandra by die Sandton-biblioteek in Gauteng gehou. Nal'ibali se Ambassadeur vir Wêrelddag vir Hardop Lees 2019, Lebohang Masango, het 'n spesiale veeltalige voorlesing gedoen van *Waar is jy?* en het met die kinders en die volwassenes wat hulle vergesel het, gesels oor die belangrikheid van hardop lees.

"Dit is belangrik om vir jou kinders te lees, want die voordele sal vir die res van hul lewens by hulle bly. Dit is nie net 'n wonderlike manier om verhoudings te versterk nie, maar jy verbreed ook hul woordeskat, hul kennis, hul verbeelding en hul vermoë om hul idees met vertroue uit te druk. Lees is waarlik die geskenk wat aanhou gee!" het sy verduidelik.

Almal het dit baie geniet om liedjies te sing, speletjies te speel en na die storie te luister. Toe was dit tyd om huis toe te gaan. En niemand het met leë hande huis toe gegaan nie! Buiten 'n pakkie eetgoed en 'n eksemplaar van die storiekaart vir Wêrelddag vir Hardop Lees, het elke kind 'n eksemplaar van Lebohang Masango se boek, *Mpumi se towerkrale*, ontvang om hulle aan te moedig om aan te hou lees. Dit was nog 'n prettige en inspirerende Wêrelddag vir Hardop Lees!



Daniel Born

Everyone went home with lots to read!

Almal is huis toe met baie leesstof!

We did it ...

Thank you!

Together, on World Read Aloud Day, we read to

1 559 730

children across South Africa!

Ons het dit gedoen ...

Dankie!

Op Wêrelddag vir Hardop Lees het ons saam hardop geles vir


1 559 730

kinders oor die hele Suid-Afrika!




WIN! WEN!





For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Grandpa Farouk's garden* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Oupa Farouk se tuin* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.

Story stars



Melanie Lippert, from Lansdowne in Cape Town, is one of Nal'ibali's most active FUNda Leaders. We chatted to her to find out more about her role as a reading activist.

How did your love for reading and storytelling start?

My first memory of being read to was at the age of 6. I also remember sitting in a neighbour's yard and listening to her tell the most wonderful stories – they were full of character and colour. Now, at almost 50 years old, stories are part of my everyday life. That just shows you how a small but incredible moment can create a love of reading.

What inspired you to be a storyteller?

It was Nal'ibali's *Neo and the big, wide world*. (You can read this story in 11 languages if you look under "Multilingual stories" on the Nal'ibali website and mobisite – www.nalibali.org and www.nalibali.mobi.) Also, reading to my daughter's class at school made me realise that I have a special something, which I wanted to share.

Why are stories important?

We pass on a little bit of history and of ourselves each time we share a story. Reading to children encourages them to, one day, hold that book and read it for themselves.

How do you find ways to share stories with others?

I've done lots of different things. In 2016, I took on Nal'ibali's World Read Aloud Day challenge and I read to as many children as I could at my daughter's primary school. By the end of that month, I had read to over 800 children. During the June school holidays, I lead story sessions and I regularly read to children at the Ottery Community Library. This year I'm also supporting a reading club at a local school and helping to get their library going.

Why did you become a FUNda Leader?

I became a FUNda Leader in 2016 because I wanted to be part of a group of enthusiastic and passionate people who enjoy sharing their love of stories, reading and creative activities in their communities.



Melanie Lippert (far right) sharing her excitement about the Nal'ibali Supplement with others.

Melanie Lippert (heel regs) deel haar opgewondenheid oor die Nal'ibali-bylae met ander.

Storiesterre



Melanie Lippert, van Lansdowne in Kaapstad, is een van Nal'ibali se aktiefste FUNda Leaders. Ons het met haar gesels om meer uit te vind oor haar rol as leesaktivis.

Waar het jou liefde vir lees en die vertel van stories begin?

My eerste herinnering aan iemand wat vir my lees, was toe ek 6 jaar oud was. Ek onthou ook hoe ek by ons buurvrou gesit en luister het hoe sy die wonderlikste stories vertel – hulle was vol karakter en kleur. Nou, byna 50 jaar later, is stories deel van my daaglikse lewe. Dit wys jou net hoe klein, maar wonderbaarlike oomblikke 'n liefde vir lees kan kweek.

Wat het jou geïnspireer om 'n storieverteller te wees?

Dit was Nal'ibali se *Neo en die grote, wye wêreld*. (Jy kan hierdie storie in 11 tale lees as jy onder "Multilingual stories" op die Nal'ibali-webwerf en -selfoonwerf kyk – www.nalibali.org en www.nalibali.mobi.) Toe ek vir my dogter se klas by die skool gelees het, het dit my ook laat besef dat ek iets spesiaals het wat ek wou deel.

Waarom is stories belangrik?

Elke keer as ons 'n storie deel, deel ons 'n bietjie geskiedenis en 'n deel van onself. Om vir kinders te lees moedig hulle aan om eendag daardie boek vas te hou en dit self te lees.

Hoe vind jy maniere om stories met ander te deel?

Ek het al baie verskillende dinge gedoen. In 2016 het ek Nal'ibali se uitdaging vir Wêrelddag vir Hardop Lees aanvaar en vir soveel kinders moontlik by my dogter se laerskool gelees. Teen die einde van daardie maand het ek al vir meer as 800 kinders gelees. Gedurende die skoolvakansie in Junie lei ek storiesessies en ek lees gereeld vir kinders by die Ottery Gemeenskapsbiblioteek. Hierdie jaar ondersteun ek ook 'n leesklub by 'n plaaslike skool en ek help om hul skoolbiblioteek aan die gang te kry.

Waarom het jy 'n FUNda Leader geword?

Ek het in 2016 'n FUNda Leader geword, want ek wou deel wees van 'n groep entoesiastiese en passievolle mense wat dit geniet om hul liefde vir stories, lees en kreatiewe aktiwiteite in hul gemeenskappe te deel.



FUNda
LEADER

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination

Jy kan hardloop – net soos ek!



You can run – just like I can!



This is an adapted version of *The shadow* published by New Africa Books and available in bookstores and online from www.loot.co.za and www.takealot.com. This story is available in eleven official South African languages and is part of the New African Stories series – a series of beautifully illustrated children's stories collected from across Africa.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Die skaduwee*, uitgegee deur New Africa Books en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.loot.co.za en www.takealot.com. Hierdie storie is in die elf amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar en is deel van die reeks, Nuwe Stories uit Afrika – 'n reeks pragtig geïllustreerde kinderstories van oral oor Afrika.

dp davidphilip
Trading as **New Africa Books**

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskuilteur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination




Jy kan grom.

You can snarl.




The shadow Die skaduwee

Thembinkosi Kohli
Marie Gerber



Wie is jy? En hoekom
agtervolg jy my?
Who are you? And why
are you following me?




“Don't be afraid. I am
your shadow.”

“Moenie bang wees nie.
Ek is jou skaduwee.”





Jy kan beweeg.



What is this?

Wat is dit?



“My garden is dying,”
replied Grandpa.
“Why?” asked Amir.
“Look closely,” said Grandpa.
“Some pests are eating
the plants.”
“My tuin is besig om dood
te gaan,” antwoord Oupa.
“Hoekom?” vra Amir.
“Kyk goed,” sê Oupa. “Daar’s
peste wat die plante opvreet.”




Lots more free books at bookdash.org

Grandpa Farouk’s garden

Oupa Farouk se tuin

Sam van Riet
Matthew Kalil
Nina Lewis




Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ‘n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ‘n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi






Deep in the city, surrounded by houses and bricks and tar, you'll find Grandpa Farouk's garden.




From that day on, Grandpa Farouk's garden did what gardens should do. It grew and grew and grew.

Van daardie dag af doen Oupa Farouk se tuin wat tuine behoort te doen. Dit groei en groei en groei.



When they finish, they feast on a harvest of fruit. One day, Grandpa didn't eat his pear. "What's wrong?" asked Amir.

Wanneer hulle klaar is, smul hulle aan die vrugte. Op 'n dag eet Oupa nie sy peer nie. "Wat's fout?" vra Amir.



"We need ladybirds!" said Grandpa. "They are the bugs that eat the pests that kill the plants. Without ladybirds, the garden will die."

"I'll bring you a bug or two," said Amir.

"Ons moet skilpadbesies kry!" sê Oupa. "Hulle is die insekte wat die peste eet wat die plante doodmaak. Sonder skilpadbesies sal die tuin doodgaan."

"Ek sal vir Oupa 'n paar bring," sê Amir.



Hy help met die kompos en werk die hele
dag lank saam met sy oupa.
He helps with the compost, and works
with his Grandpa all day.



In die hartjie van die stad, omring deur huise
en bakstene en teer, is Oupa Farouk se tuin.



Two more at
the shop.
Nog twee by
die winkel.

'n Hele week lank soek Amir en maak
skilpadbesies bymekaar. Hy vind een
skilpadbesie op die sportveld.




For a whole week, Amir
looked and searched
and collected. He found
one ladybird on the
sports field.

The ladybirds were very hungry! They ate
the pests, and the garden blossomed.

Die skilpadbesies is baie honger! Hulle eet al
die peste, en die tuin floreer.





Amir gaan kuier een keer 'n week vir Oupa.
Hy is dol oor die blare en blomme en bome.
Amir help om die plante nat te lei.



Amir visits Grandpa once a week. He loves the leaves and flowers and trees. Amir helps to water the plants.



Three at the park.
Drie in die park.








The next week, Amir went to visit Grandpa Farouk, and showed him his jar of ten bugs.

“You’ve done well, oh my boy, you’ve done well,” Grandpa said, with a tear in his eye. Grandpa was very happy.

Die week daarna gaan kuier Amir vir Oupa Farouk, en wys vir hom sy fles met tien skilpadbesies.

“Knap gedaan, ou seun, jy’t goed gevaar,” sê Oupa met ’n traan in sy oog. Oupa is baie bly.





"In the dark ...

You can grow.
Jy kan groei.

"As dit donker is ...

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *The shadow* (pages 5, 6, 11 and 12), *Grandpa Farouk's garden* (pages 7 to 10) and *The rain bird* (page 14).

Raak doenig met stories!




Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Die skaduwee* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Oupa Farouk se tuin* (bladsye 7 tot 10) en *Die reënvoël* (bladsy 15).

Grandpa Farouk's garden

- 1. Put the pictures from the story in the correct order by writing a number in each circle.
- 2. Then use the pictures to retell the story, in your own way.
- 3. Now use some clay, playdough or Plasticine to create your own little garden. Or make a garden using things that you have collected outside, like: soil, small stones, leaves, grass and flowers.

Oupa Farouk se tuin

- 1. Plaas die prente uit die storie in die korrekte volgorde deur 'n nommer in elke sirkel te skryf.
- 2. Gebruik dan die prente om die storie op jou eie manier oor te vertel.
- 3. Gebruik nou klei, speeldeeg of Plasticine om jou eie klein tuintjie te maak. Of maak 'n tuin met dinge wat jy buite optel, soos: grond, klein klipies, blare, gras en blomme.



The rain bird

Use a cardboard toilet roll or paper-towel roll along with paint, kokis, glue, feathers, coloured tissue paper and crepe paper to make the rain bird from the story.



Die reënvoël

Gebruik 'n kartontoiletrol of papierhanddoekrol asook verf, kokipenne, gom, vere, gekleurde sneespapier en kreukelpapier om die reënvoël in die storie te maak.

The shadow

Discuss the story with your children. For example, ask them, "Why do you think the boy was scared of his shadow?", "Are you scared of your shadow? Why/why not?", "Does your shadow follow you everywhere?"

Now go outside with your children and stand in the sun until you can each see your shadow in front of you. Draw the shape of your shadow on a piece of paper and then colour it in black. Have fun looking at each other's shadows and using your imaginations to suggest what real or imaginary things they look like!



Die skaduwee

Bespreek die storie met jou kinders. Vra byvoorbeeld vir hulle: "Waarom dink jy was die seun bang vir sy skaduwee?", "Is jy bang vir jou skaduwee? Waarom/waarom nie?", "Volg jou skaduwee jou oral?"

Gaan nou saam met jou kinders buitentoe en staan in die son totdat julle elkeen jul skaduwee voor julle kan sien. Teken die vorm van jou skaduwee op 'n stuk papier en kleur dit dan swart in. Geniet dit om na mekaar se skaduwees te kyk en gebruik jul verbeelding om te sê na watter werklike of denkbeeldige dinge hulle lyk!



The rain bird

Retold by Joanne Bloch ■ Illustrations by Mieke van der Merwe



A little village stood at the edge of a forest. In the heart of this forest, in the highest branches of an enormous tree, lived a very special bird – the bird that made rain. The villagers had always taken the time to keep this bird happy. Every week they would take pieces of bread and fruit, and fresh coconut milk to lay at the base of the tree. Then someone would play a simple tune on the thumb piano and the bird would fly down to the ground to eat and drink. When it had finished, it would raise its dark, shiny blue wings and sing a beautiful song. Within minutes, rain would begin to fall.



For many years rain fell regularly, the crops grew abundantly and there was plenty of food for everyone. But gradually things began to change ... the villagers started to neglect the rain bird. "It will rain anyway," they decided.

But gradually the rain stopped falling. Their crops began to die and their animals grew thin and weak. But still nobody went into the forest to feed the bird that brought the rain – they were all too busy trying to find money to buy food in a neighbouring town.

One day, Ketti went into the forest. She walked and walked until she came to the tall tree in which the rain bird lived. Ketti stared up at the tree, remembering how her granny used to take her into the forest to feed the bird. She took a piece of bread out of her bag and laid it at the base of the tree. Then, because she had no thumb piano, she sang a song.



The rain bird swooped down and began to eat the bread. When it had finished, it sang a few high notes and raised its shiny wings. Then Ketti heard the rumble of thunder and by the time she reached home, giant rain drops were pelting down.

Ketti told her parents what had happened. "Nobody believes in that bird anymore! Don't waste your bread on it!" scolded her mother.

"If only Granny were alive," thought Ketti, "she would have believed me!" But Ketti's granny had died a few years ago leaving Ketti only her old thumb piano.

Two weeks passed, but there was no more rain. "I don't care what they say!" thought Ketti. "We need rain. I'm going to feed the bird again tomorrow!"

Early the next morning, Ketti took a slice of bread and a handful of red berries from the kitchen and made her way to the centre of the forest. But she didn't know that her father was also awake. He realised what his daughter was going to do. "I'll teach that disobedient child a lesson!" he said to himself angrily. He snatched his bow and arrows and silently followed Ketti into the forest.

Just as the bird flew down to eat the food that Ketti had set out for it, her father raised his bow and released its deadly arrow. The arrow flew straight into the bird's heart and it let out a piercing shriek. Terrified, Ketti spun around and saw her father fall to the ground – dead. Looking back at the bird, she saw the arrow fall harmlessly from its body. Then the bird swooped up into the tree.

With a pounding heart, Ketti raced home. Every animal and person she saw on her way lay dead on the ground. At home, she quickly found her granny's old thumb piano. "This is my only hope!" she thought. "The rain bird is angry. I *have* to make it happy again!"

Ketti ran back to the big tree. With trembling hands, she began to play the thumb piano. She played and played, until her fingers hurt. Finally, the bird swooped down, ate some berries and sang a few notes. Then, as Ketti played on, it raised its wings ... Ketti heard a rustle behind her – her father was alive! "I'm sorry!" he said again and again to the big, blue bird. Then he held out his hand to his daughter and they walked back to the village, where all the people and animals were alive again.

That night the villagers held a meeting. They agreed that they had learned a valuable lesson. And from that day onwards, every week one of them makes a special trip to the forest to feed the bird that brings the rain.





Die reënvoël

Oorvertel deur Joanne Bloch ■ Illustrasies deur Mieke van der Merwe



Aan die rand van 'n woud staan daar 'n klein dorpie. In die hart van hierdie woud, in die hoogste takke van 'n reusagtige boom, woon 'n baie spesiale voël – die voël wat reën maak. Die mense van die dorpie probeer hul bes om hierdie voël gelukkig te hou. Elke week neem hulle stukkies brood en vrugte, en vars kokosneutmelk en sit dit aan die voet van die boom neer. Dan speel iemand 'n eenvoudige wyse op 'n duimklavier en die voël vlieg af grond toe om te eet en te drink. Wanneer die voël versadig is, lig sy haar donker, blinkblou vlerke en begin 'n pragtige lied sing. Minute later begin dit reën.



Vir baie jare reën dit gereeld, die gesaaides groei goed en daar is baie kos vir almal. Maar geleidelik begin dinge verander ... die dorpsmense begin die reënvoël afskeep. "Dit sal in elk geval reën," besluit hulle.

Maar geleidelik hou die reën op val. Hul gesaaides begin opdroog en hul diere raak maer en swak. Steeds gaan niemand in die woud in om vir die voël wat die reën bring, kos te gee nie – almal is te besig om geld bymekaar te maak om in die buurdorp te gaan kos koop.

Op 'n dag gaan Ketti na die woud. Sy stap tot by die hoë boom waar die reënvoël woon. Ketti kyk op na die boom en skielik onthou sy hoe haar ouma haar na die woud gebring het om vir die voël kos te gee. Sy haal 'n stukkie brood uit haar sak en sit dit aan die voet van die boom neer. Toe, omdat sy geen duimklavier het nie, sing sy 'n liedjie.



Die reënvoël swiep af en begin die brood eet. Nadat die voël klaar geëet het, sing sy 'n paar hoë note en lig haar blink vlerke. Toe hoor Ketti die gerammel van donderweer, en teen die tyd dat sy by die huis kom, val die reën in reusedruppels.

Ketti vertel vir haar ouers wat gebeur het. "Niemand glo meer in daardie voël nie. Jy mors net brood!" raas haar ma.

"As Ouma nog geleef het," dink Ketti, "sou sy my geglo het!" Maar Ketti se ouma is 'n paar jaar gelede dood, en al wat Ketti van haar ouma het, is haar ou duimklavier.

Twee weke gaan verby, en geen reën val nie. "Ek gee nie om wat hulle sê nie!" dink Ketti. "Ons het reën nodig. Ek gaan weer môre vir die voël kos gee!"

Vroeg die volgende oggend vat Ketti 'n sny brood en 'n handvol rooi bessies uit die kombuis en kies koers na die middel van die woud. Maar wat sy nie weet nie, is dat haar pa ook wakker is. Hy besef dadelik wat sy dogter gaan doen. "Ek sal daardie ongehoorsame kind 'n les leer!" sê hy vir homself. Hy gryp sy pyl en boog en volg Ketti stilletjies na die woud.

Net toe die voël afvlieg om die kos te eet wat Ketti vir haar neergesit het, lig haar pa sy boog op en skiet die dodelike pyl. Die pyl tref die voël se hart. Die voël skree skril. Ketti draai verskrik om en sien hoe haar pa mordsdood neerval. Toe sy weer na die voël kyk, sien sy hoe die pyl skadeloos uit die voël se lyf val. Toe vlieg die voël terug na die hoogste takke van die boom.

Met haar hart in haar keel, hardloop Ketti huis toe. Elke dier en mens wat sy teëkom, lê dood op die grond. By die huis kry sy gou haar ouma se ou duimklavier. "Dit is my enigste hoop!" dink sy. "Die reënvoël is kwaad. Ek moet haar weer gelukkig maak!"


Ketti hardloop terug na die groot boom. Met bewende hande begin sy die duimklavier speel. Sy speel en speel, tot haar vingers pyn. Uiteindelik swiep die voël neer, eet van die bessies en sing 'n paar note. Toe, terwyl Ketti verder speel, lig die voël haar vlerke ... Ketti hoor 'n geritsel agter haar – haar pa lewe! "Ek is jammer!" sê hy weer en weer vir die groot, blou voël. Toe hou hy sy hand na sy dogter uit en hulle stap terug na die dorpie, waar al die mense en diere weer lewendig is.

Daardie aand hou die dorpsmense 'n vergadering. Hulle stem almal saam dat hulle 'n waardevolle les geleer het. En van daardie dag af, gaan een van hulle elke week spesiaal na die woud om vir die voël wat die reën bring, kos te gee.



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



1.

It's all in the title!

- Look at the covers of the books that the children are reading. Can you make up a title for each of their books?



Hope: _____

Neo: _____

Priya: _____

Bella: _____

Afrika: _____

- Circle the book that you would most want to read.
- Choose one word from each of the titles you wrote down and make up the craziest title for a book that you can think of!

Dis alles in die titel!

- Kyk na die omslae van die boeke wat die kinders lees. Kan jy 'n titel vir elk van hul boeke opmaak?

- Omkring die boek wat jy die graagste sal wil lees.
- Kies een woord uit elkeen van die titels wat jy neergeskryf het en maak die lafste titel vir 'n boek op waaraan jy kan dink!

2.

Are you a book genius? Guess the answers to the clues.

- This place has lots of books that you can borrow.
- These are inside a book. They have words and sometimes pictures on them.
- This is the person who wrote the book.
- These are the things that together make up words.
- The outside of the book is called its
- Another word for the name of a book is the



Is jy 'n boekgenie? Raai wat die antwoorde vir die leidrade is.

- Hierdie plek het baie boeke wat jy kan uitneem.
- Dit is binne-in 'n boek. Daar is woorde en soms prente daarop.
- Dit is die persoon wat die boek geskryf het.
- Dit is die dinge wat saam woorde vorm.
- Die buitekant van die boek word die _____ genoem.
- 'n Ander woord vir die naam van 'n boek is die _____

Antwoorde: 2. biblioteek, bladsye, skrywer of outeur, letters, omslag, titel

Answers: 2. library, pages, author, letters, cover, title



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

